# KOLONIALISME AS HISTORIESE PROSES

P. de Klerk

Departement Geskiedenis, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO.

ABSTRACT

In this article the importance of viewing colonialism as a historical process is discussed. Colonialism as a historical process has certain general phases and features, as well as general causes and effects. The first phase can be called the preamble to colonization, subsequent to which the establishment of a colonial structure takes place. During the existence of this structure, which has certain general political, economic and social features, processes of change occur within the colonial society, which in many cases ultimately lead to the removal or disappearance of the colonial structure. Usually processes of integration and of conflict and resistance are both present, but in some cases the first process and in some the other process is the dominating one. After the colonial structure has come to an end, the last phase or aftermath of the colonial process follows.

Alhoewel die term **kolonialisme** in die jare na die Tweede Wêreldoorlog veral gebruik is deur politici en skrywers wat gekant was teen Westerse koloniale beheer in Afrika en Asië, word dit tans algemeen deur wetenskaplikes aangewend om die hele verskynsel van koloniale beheer van een groep oor 'n ander en van onderhorigheid van een groep aan 'n ander te omskryf. Terme soos **kolonisasie, koloniale beheer** en **koloniale situasie** is minder omvattend en verwys net na sekere aspekte van die verskynsel van kolonialisme (vgl. De Klerk, 1988:121-122).

Die begrip **kolonialisme** (anders as **kolonisasie**) het tog die nadeel dat dit eerder die beeld oproep van 'n toestand as van 'n proses van verandering. As gevalle van kolonialisme in die geskiedenis in oënskou geneem word, blyk dit dat daar 'n aantal fases onderskei kan word, soos 'n aanloop tot kolonisasie, die vestiging van koloniale gesag en veranderinge

binne die koloniale struktuur wat uiteindelik kan uitloop op die beëindiging en afloop van die koloniale situasie, en dat die verskynsel van kolonialisme nie net 'n bepaalde toestand of struktuur nie, maar ook 'n bepaalde ontwikkelingsgang behels.

In hierdie artikel word gepoog om enkele algemene kenmerke van kolonialisme as historiese proses na vore te bring. Die term historiese proses word tans redelik algemeen deur historici gebruik, alhoewel nie altyd in dieselfde betekenis nie (vgl. Faber en Meier, 1975). Die wêreldgeskiedenis in sy geheel kan as 'n proses gesien word. Die samelewing en kultuur van 'n volk of land vorm 'n samehang waarbinne 'n verskeidenheid van aspekte onderskei kan word waarvan sommiges in 'n bepaalde tydperk feitlik konstant bly en ander baie verander. Historiese verandering is altyd verandering in kontinuïteit; en 'n historiese ontwikkelingsgang bevat altyd elemente van tradisie én progessie (vgl. De Klerk, 1981:21-84). Binne hierdie geheelproses kan kleiner prosesse onderskei word, wat elk beperk is tot 'n bepaalde tyd en plek en eie besondere kenmerke het. Daar is egter ook ooreenkomste tussen bepaalde prosesse van verskillende tye en plekke, en die ontstaan en verval van beskawings, rewolusies, restourasies, ensovoorts, kan elk as 'n bepaalde soort proses gesien word. Deur vergelykende studie van byvoorbeeld 'n aantal besondere gevalle van rewolusie of restourasie, kan bepaalde algemene kenmerke van rewolusies en restourasies gevind word; sulke studies is ook al deur historici onderneem (dit word verder bespreek in De Klerk, 1973).

Wetenskaplikes van verskillende vakrigtings, veral staatkundiges, sosioloë en ekonome, het al die verskynsel van kolonialisme bestudeer, maar sien dit elk in 'n ander perspektief (vgl. Balandier, 1966). Ook die historikus, wat kolonialisme as 'n historiese verskynsel sien, het 'n eie perspektief. Hoewel historici hul hoofsaaklik toespits op die bestudering van besondere gevalle van kolonialisme word die noodsaak en waarde van vergelykende studie tans al meer in historiese kringe besef. 'n Omvattende vergelykende studie om groter begrip van kolonialisme as 'n historiese verskynsel te verkry, is tot dusver nie gedoen nie. ('n Vergelykende studie oor 'n bepaalde aspek van kolonialisme is wel deur my onderneem; De Klerk, 1975.) Dit is my bedoeling met hierdie artikel

om enkele algemene kenmerke van kolonialisme as historiese verskynsel wat op grond van vergelykende navorsing verkry is, aan te stip.

Daar word in hierdie artikel hoofsaaklik net aangedui dat 'n koloniale proses sekere algemene oorsake en gevolge het, en dat alle koloniale prosesse bepaalde fases het, naamlik 'n aanloop, die vestiging van die koloniale struktuur, veranderingsprosesse tydens die bestaan van die koloniale struktuur, die opheffing van die koloniale struktuur en die afloop van die koloniale proses. Algemene kenmerke wat kortliks bespreek sal word, is grotendeels reeds deur ander wetenskaplikes, veral deur sosioloë en staatswetenskaplikes, na vore gebring, en hulle insigte is vir hierdie artikel benut. Die oogmerk is slegs om aan te dui hoe hierdie kenmerke saam binne die konteks van 'n beskouing van kolonialisme as historiese proses gesien kan word. Dit is ook nie moontlik om binne die bestek van hierdie artikel voorbeelde uitgebreid te behandel en te verwys na die talle geskiedwerke wat oor besondere gevalle handel nie. Op die verskille wat daar tussen besondere gevalle bestaan, word ook nie ingegaan nie. Enkele riglyne word slegs aangedui op grond waarvan meer omvattende vergelykende studie verrig sou kon word.

Oorsake van kolonialisme

Elke geval van kolonialisme in die geskiedenis vorm deel van 'n groter historiese samehang en is op allerlei wyses daarmee verweef; in besonder word dit met vroeëre en latere ontwikkelinge verbind, en het elke besondere geval van kolonialisme oorsake en gevolge. Is daar ook algemene oorsake, wat geld vir kolonialisme oral in die geskiedenis? Die motiewe van koloniseerders wat 'n gebied verower en sy inwoners onderwerp, is in wese oral dieselfde.

Beveiliging van eie gebied en belange is 'n motief wat 'n belangrike rol gespeel het in die vestiging van die ou Romeinse Ryk (vgl. Garnsey en Whittaker, 1987:2-3) en ook van moderne wêreldryke, met name die Britse Ryk; hierdie strewe het dikwels oorgegaan in 'n strewe om mag uit te brei, wat 'n baie algemene dryfveer van koloniseerders is. By baie kolonisasies is daar 'n sterk ekonomiese motief aanwesig, en is die doel om grond vir bewoning en bewerking of ook grondstowwe en afsetgebiede vir fabrieksprodukte te verkry. Volgens Marxistiese teorieë is die groot

Westerse koloniale ryke van die laat negentiende eeu ter wille van ekonomiese voordeel van die Weste gevestig en is die moderne Westerse imperialisme 'n noodwendige uitvloeisel van die kapitalistiese stelsel. Hierdie beskouing het aanleiding gegee tot 'n uitgebreide debat onder geleerdes, en nie-Marxistiese wetenskaplikes het probeer aandui dat ekonomiese motiewe geensins in elke kolonisasie deurslaggewend was nie (kyk hieroor onder meer Hodgart, 1977; Mommsen, 1981; Fieldhouse, 1981; Baumgart, 1982; Etherington, 1984).

Naas die dryfvere van koloniseerders moet ook die omstandighede wat kolonisasie moontlik gemaak het, beskou word. Om 'n gebied suksesvol in besit te kan neem, moet die veroweraars militêre superioriteit bo die mense hê wat hul moet onderwerp. Met meer ontwikkelde wapentuig kon klein groepies Spanjaarde in die sestiende eeu die groot ryke van die Asteke en Inkas onderwerp, en hierdeur is ook die kolonisasie van Afrika deur relatief klein groepe Westerlinge moontlik gemaak. Oral in die geskiedenis het volke en state van ongelyke grootte naas mekaar ontwikkel en hierdeur is die moontlikheid geskep vir een volk om die ander te onderwerp en te oorheers.

**Die aanloop tot kolonisasie**

Die vestiging van koloniale beheer word meesal vooraf gegaan deur 'n aantal ontwikkelinge wat uiteindelik op kolonisasie uitloop. In die geval van die kolonisasie van 'n naburige gebied is daar in die voorafgaande jare dikwels invloeduitoefening van die sterker land op sy swakker buurman; hierdie invloed kan polities, ekonomies en dikwels ook kultureel van aard wees. Die Kaukasusstreek en die lande van Sentraal-Asië het byvoorbeeld reeds sterk onder die invloed van hul magtige buurland, Rusland, gekom, voordat die gebiede in die tweede helfte van die negentiende eeu deur die Russe geannekseer is (vgl. De Klerk, 1975:207-211).

Soms gaan kolonisasie ook vooraf deur immigrasie van mense uit die koloniserende land na die gebied wat dan later gekoloniseer word. In die geval van 'n grensverskuiwing as besondere vorm van kolonialisme dring jagters, handelaars en boere 'n aangrensende gebied binne en lei dit later tot kolonisasie. Die wedloop om Afrika in die laat negentiende

eeu is voorafgegaan deur binnedringing van die vasteland deur, agtereenvolgens, Europese ontdekkingsreisigers, handelaars en sendelinge wat die weg gebaan het vir die soldate en amptenare wat die gebied formeel onderwerp het.

In die gevai van volksverhuisings is die eintlike kolonisasie dikwels voorafgegaan deur aanvalle en plundertogte waardeur die regerings van die betrokke gebiede reeds verswak is en die weg vir 'n verowering voorberei is. 'n Bekende voorbeeld is die Noormanne se plundertogte gedurende die negende en tiende eeue in Wes-Europa, veral in Engeland en Frankryk, wat daartoe gelei het dat die vorste van die lande afkoopgeld betaal het en later ook gebiede aan die Noormanne toegeken het vir vestiging.

In gevalle van interne kolonialisme, dus kolonialisme binne die grense van een land, is die voorbereidende stappe tot die eintlike kolonisasie sake soos groter sentralisasie van die regeringstelsel waarby minderheidsgroepe hul outonomie verloor, asook industrialisasie en vestiging van nywerhede met lede van die meerderheidsgroep aan die roer in gebiede waar minderheidsgroepe woon (vgl. Hind, 1984).

Die kolonisasie of magsvestiging

Die onderwerping van 'n gebied het soms nie net 'n lang aanloop nie, maar kan self oor 'n lang periode strek. Die magsvestiging in 'n gebied is ook 'n proses wat nie alleen die formele instelling van 'n nuwe regering in die gebied behels nie, maar die vestiging van gesagsinstellinge in alle dele van die land, ook op plaaslike vlak. Die proses behels soms ook dat weerstand teen die nuwe gesag in elke uithoek van die gebied oorkom moet word. Dit kan gebeur dat effektiewe gesag oor sekere dele eers na baie jare gevestig word, byvoorbeeld in Mosambiek, waar die grens van die Portugese gesagsgebied teen die einde van die negentiende eeu internasionaal bepaal is, maar daar oor 'n groot deel van die inboorlingbevolking vir 'n lang tyd geen doeltreffende beheer was nie (vgl. Van Aswegen, 1980:361).

Die proses van gesagsvestiging gaan nie altyd met geweld gepaard nie. In gevalle waar die regeerders van 'n gebied vrywillig die beskerming

van 'n ander land aanvaar soos die heerser van Basoetoland in die vorige eeu, of 'n minderheidsgroep as gevolg van die ontwikkeling van die regeringstelsel en die landsekonomie in 'n ondergeskikte posisie geraak is die kolonisasie hoofsaaklik 'n vreedsame proses.

In laasgenoemde geval gaan dit om 'n kolonisasie wat aanvanklik nie as sodanig gesien word nie, en waarvan die implikasies eers met verloop van tyd duidelik word. Dit geld ook vir ander gevalle, soos dinastiese unies in die Middeleeue, waardeur onder meer die Habsburgfamilie beheer oor verskillende gebiede in Midde-Europa verkry het, wat later sou ontwikkel tot 'n ryk met 'n gesentraliseerde bestuurstelsel (Oostenryk), en waardeur ook die Nederlande onder beheer van die koning van Spanje en so onder vreemde oorheersing gekom het.

Kolonisasie moet verder breër gesien word as net die vestiging van politieke mag. 'n Samelewing kan op allerlei wyses beïnvloed en verander word, en magsvestiging het dus ook 'n ekonomiese en kulturele aspek. Dit kan byvoorbeeld gepaard gaan met die onteiening van grond wat in die besit van die gekoloniseerde groepe was en wat nou aan koloniste uitgedeel word, en die instelling van 'n nuwe amptelike taal wat ook die handelstaal en algemene omgangstaal van die gebied word. Hierdie aspekte van die kolonisasie kan meesal slegs oor 'n lang periode deurgevoer word en kan dus ook as deel van die uitwerking van die kolonisasie gesien word (vgl. die voorbeelde behandel in De Klerk, 1975).

'n Belangrike aspek van die koloniale magsvestiging is die koms van lede van die koloniserende groep na die gebied, soms net as soldate en amptenare, maar dikwels ook as handelaars en soms as boere en vakmanne wat hul permanent in die land vestig en die bevolkingsamestelling blywend verander. Die aantal koloniste kan wissel van 'n klein groepie regeerders, soos in die meeste Britse en Franse kolonies wat in die vorige eeu in Afrika gevestig is, tot 'n groot massa wat die oorspronklike bevolking heeltemal verdring, soos wat in die VSA en Australië gebeur het.

## Die koloniale struktuur

Die bestaan van 'n koloniale stelsel of struktuur kan as 'n fase in die verloop van die koloniale proses beskou word. Met die kolonisasie van 'n gebied word 'n nuwe politieke en ekonomiese stelsel en 'n nuwe sosiale orde gevestig. Soms is die nuwe stelsel hoofsaaklik 'n superstruktuur wat bo-oor bestaande stelsels ingestel word, of is dit grotendeels 'n voortsetting van 'n vroeëre koloniale struktuur, sodat die leefwyse van die meeste inwoners nie ingrypend verander word nie. Tog kan in elke geval van kolonialisme 'n besondere koloniale stelsel onderskei word wat 'n tyd lank bly voortbestaan. Terwyl die basiese kenmerke van die struktuur behoue bly, is daar tog steeds verandering, wat, soos in die volgende afdeling bespreek word, steeds (waar dit nie deur 'n nuwe kolonisasie beëindig word nie) daartoe lei dat die struktuur uiteindelik opgehef word of sy wesensaard as koloniale struktuur verloor.

Die enigste element wat in alle politieke stelsels van koloniale gebiede gemeenskaplik is, is dat die vernaamste gesag berus by die koloniseerders, wat in die kolonie soms slegs deur 'n aantal amptenare en soldate verteenwoordig is, maar soms ook self almal in die gekoloniseerde gebied woon. Die koloniste is nie altyd sinoniem met die koloniseerders nie en het byvoorbeeld in die Spaanse en Portugese koloniale ryke en in die Kaapkolonie, toe dit 'n Britse kroonkolonie was, min aandeel aan die regering van die kolonie gehad. Die gekoloniseerde inwoners is soms ook betrek by die bestuur van die gebied. In gevalle waar die koloniseerders minder ontwikkeld was as die gekoloniseerdes, soos in die ryke wat Germaanse invallers in die vierde eeu en later in die gebied van die ou Wes-Romeinse ryk gevestig het, is mense uit die onderworpe bevolking soms op groot skaal en tot op die hoogste vlak as amptenare gebruik. In die meeste Britse kolonies in Afrika is vanaf die vorige eeu 'n stelsel van indirekte beheer toegepas waarvolgens inheemse bestuurstelsels behou is en die Britse gesag as 'n superstruktuur daar bo oor gevestig is (vgl. Fieldhouse, 1981:11-19). In moderne Westerse state geniet minderheidsgroepe gelyke politieke regte met die meerderheidsgroep, maar in 'n demokratiese stelsel kan die meerderheid beheer oor die belangrike gesagsposisies verkry en 'n minderheidsgroep onderhorig aan die meerderheidsgroep(e) bly. In die sogenaamde satellietstate, soos die kommunistiese lande van Oos-Europa, beklee die

inwoners al die poste tot op die hoogste vlak, maar is hul besluitnemingsmag beperk en is hul in wese ondergeskik aan 'n vreemde gesag.

Wat die ekonomiese stelsel betref, geld as 'n algemene kenmerk dat die gekoloniseerdes heeltemal of gedeeltelik op ekonomiese gebied in 'n mindere posisie teenoor die koloniseerders staan en soms ekonomies afhanklik van die koloniseerders word. Wanneer 'n bevolking onderwerp word, moet hul dikwels hul grond heeltemal of gedeeltelik aan die koloniseerders afstaan en word die vroeëre grondbesitters nou onderhorige grondbewerkers (vgl. Van den Berghe, 1979:106; Frazier, 1957:107-126).

In baie gevalle is die grond reeds voor kolonisasie deur net 'n klein deel van die bevolking besit en was die meeste inwoners reeds ekonomies in 'n afhanklike posisie, sodat hul ekonomiese omstandighede nie baie verander met kolonisasie nie; een grondheer word net vir 'n ander een verruil. Die gekoloniseerdes word soms ekonomies nog verder benadeel deurdat die kolonie se hele ekonomie gerig word op maksimum voordeel vir die koloniserende land. So 'n beleid is in die handelsryke van die Middeleeue en van die sewentiende en agtiende eeu toegepas (vgl. Keller, 1908:67; Morris, 1908:187). In die negentiende eeu het Groot-Brittanje die ou merkantilistiese beleid laat vaar ten gunste van een van vryhandel (vgl. Fieldhouse, 1981:56), en in die twintigste eeu het die koloniale moondhede die beskouing gehuldig dat dit hulle plig is om die kolonies ekonomies te ontwikkel en is heelwat Westerse kapitaal na die kolonies gekanaliseer. Ook al is so 'n beleid nie gevolg nie, het onderworpe inwoners soms tog ekonomies by kolonisasie gebaat deurdat hulle nou betrek is by 'n nuwe, meer ontwikkelde ekonomiese stelsel waarbinne daar nuwe geleenthede is om groter welvaart te bekom. Die primitiewe stamme wat in groot dele van Wes-Europa gewoon het toe hul gebiede by die Romeinse Ryk ingelyf is, kon byvoorbeeld binne die ryk 'n hoër ontwikkelingspeil, ook op ekonomiese gebied, bereik.

Kolonisasie lei ook tot die totstandkoming van 'n nuwe sosiale orde. Die koms van 'n nuwe heersersgroep, al is dit net 'n klein klompie amptenare, bring mee dat die vroeëre elitegroep sy bevoorregte posisie verloor, hoewel die leefwyse van die gewone man nie noodwendig geraak word nie. In die nuwe sosiale orde het koloniseerders (insluitende koloniste) en

gekoloniseerdes elk 'n eie plek, die koloniste hoofsaaklik as leiers en meesters en die gekoloniseerdes as volgelinge en ondergeskiktes. Dit geld nie ewe sterk in elke koloniale situasie nie, en in gevalle waar die gekoloniseerdes meer ontwikkeld was as die koloniseerders het eersgenoemdes soms hoë poste in die regeringstelsel beklee en was daar nie altyd groot sosiale afstand tussen die twee kategorieë[1] nie. Voorbeelde hiervan in die geskiedenis is Gallië onder gesag van die Franke in die vyfde tot negende eeu en China onder die Mongole in die dertiende en veertiende eeu.

Waar koloniste en gekoloniseerdes elk 'n eie plek in die samelewing het en sekere soorte werk veral deur koloniste en ander soorte werk weer deur koloniseerders verrig word, is daar meesal 'n groot sosiale afstand tussen lede van die twee kategorieë. Kontak vind gereeld plaas, maar dit bly hoofsaaklik op 'n formele vlak. Koloniste en gekoloniseerdes woon dikwels saam in dieselfde stad of dorp, maar in aparte woongebiede en leer mekaar nie werklik ken nie. Die houding van die gekoloniseerde teenoor die kolonis word deur sy plek in die samelewing bepaal en is gewoonlik een van onderdanigheid, terwyl die kolonis teenoor die gekoloniseerde 'n sterk, meerderwaardige houding inneem (vgl. Shibutani en Kwan, 1965:208).

Dikwels aanvaar almal die sosiale orde as natuurlik; hulle word daarin gebore en ken geen ander opset nie (vgl. Mason, 1971:10-11; Burkey, 1978:104-106). Gekoloniseerdes sien soms die voorkoms en leefwyse van die koloniste as ideaal of norm wat hul probeer nastreef, ook omdat dit die kenmerke van mense met 'n bevoorregte posisie in die samelewing is, en hulle self graag so 'n posisie wil bereik. Waar die gekoloniseerdes

---

[1] In hierdie artikel word die term groep sover moontlik slegs gebruik om 'n aantal mense aan te dui wat iets gemeen het, op grond waarvan daar bepaalde bande tussen dié mense bestaan, en waar 'n gemeenskaplike groepsbewussyn bestaan. Die term kategorie word gebruik om mense aan te dui wat wel bepaalde eienskappe gemeen het, maar waartussen daar nie besondere bande en geen gemeenskaplike bewussyn bestaan nie.

tot die donkerkleurige rasse behoort en die koloniste blankes is, word kenmerke soos 'n ligte vel en reguit hare soms positief waardeer en nagestreef (vgl. Hoetink, 1961:638-639; Maunier, 1949:87).

Ondertrouery en seksuele vermenging tussen gekoloniseerdes en koloniste kom in die meeste koloniale samelewings voor (en is feitlik nêrens, soos tot onlangs in Suid-Afrika, deur wetgewing verbied nie), hoewel dikwels net op klein skaal. Waar daar groot sosiale afstand tussen die twee kategorieë is, bly vermenging klein. Huwelike tussen lede van die twee kategorieë is dikwels vir die koloniste onaanvaarbaar of ongewens en koloniste wat so 'n huwelik sluit, verloor soms hul posisie as lede van die bevoorregte groep (vgl. Shibutani en Kwan, 1965:333). Tog het vermenging tussen lede van die twee kategorieë in baie gevalle van kolonialisme op groot skaal voorgekom, veral waar fisieke en kulturele verskille klein was, en ook in sommige gevalle waar daar groot verskille was, soos in Latyns-Amerika onder Spaanse en Portugese gesag, was daar baie rassevermenging, waardeur die verskille tussen kategorieë op die lange duur vervaag het.

In 'n koloniale samelewing bly daar meesal twee kategorieë, soms ook drie kategorieë, met besondere kenmerke naas mekaar bestaan. Die koloniste, veral wanneer hulle hoofsaaklik uit amptenare en soldate bestaan wat net tydelik in die gebied is, behou meesal noue kulturele bande met die moederland of kerngebied en probeer die leefwyse wat daar bestaan net so voortsit. Waar die koloniste al enkele geslagte lank in die land is, is die bande met die moederland, veral wanneer dit ver weg is, dikwels maar swak en het die koloniste se leefwyse kenmerke verkry wat heelwat van dié van die moederland verskil (vgl. hieroor Hartz, 1964). In baie koloniale samelewings het verder 'n kategorie ontwikkel wat tussen die koloniste en die gekoloniseerdes staan. Hulle is soms mense wat as slawe of arbeiders uit ander lande (nie die moederland nie) ingevoer is en soms ook handelaars, soos die Jode en Armeniërs in Europa en Wes-Asië en die Chinese in Oos-Asië, wat na die gebiede immigreer en as middelmanne tussen koloniste en gekoloniseerdes optree (Van den Berghe, 1979:137-156). Ook mense wat uit vermenging tussen koloniste en gekoloniseerdes ontstaan, vorm soms 'n aparte kategorie, soos die Kleurlinge in Suid-Afrika.

Sommige middelkategorieë, soos die Jode, Armeniërs en Chinese en ook die Indiërs in Suid-Afrika, vorm redelike geslote groepe wat hul eie kultuur en leefwyse voortsit en sosiale afstand tot albei ander kategorieë behou; hul beskou die koloniste meesal as hul meerderes en die ander gekoloniseerdes as hul minderes.

Die gekoloniseerdes vorm oorspronklik dikwels nie 'n groep met 'n eie identiteit nie, maar in die koloniale situasie waar hul saam in dieselfde ondergeskikte posisie verkeer, kom so 'n identiteit dikwels tot stand. Nie altyd is die oorkoepelende groepsgevoel baie sterk nie, en soms bly aparte etniese groepe onder die gekoloniseerdes nog eeue lank 'n eie identiteit behou. In baie gevalle word die leefwyse en kultuur van die koloniste tog grotendeels aanvaar en nagevolg, maar aangesien die tradisionele kultuuragtergrond(e) nog bly deurwerk, ontstaan daar dikwels 'n mengkultuur wat soms eeue lank onder gekoloniseerdes bestaan, terwyl die sosiale skeiding tussen die twee kategorieë bly voortbestaan (vgl. Maunier, 1949:87 ev.). Binne die gekoloniseerde groep(e) kom soms ook statusverskille voor, met diegene wat die koloniseerders se kultuur in groot mate aanvaar het as die elitegroep. Hierdie elitegroep is in die oë van die koloniste egter nog steeds ondergeskiktes, al word sommiges van hulle soms in die kolonistegroep(e) opgeneem. Selfs diegene onder die koloniste wat minder ontwikkeld is as die elite van die gekoloniseerdes sien hierdie mense soms nog as hul minderes. Die skeidslyn tussen koloniste en gekoloniseerdes is in 'n koloniale samelewing sterker as dié tussen meer en minder gekultiveerdes; wanneer dit nie meer die geval is nie, begin so 'n samelewing sy karakter as koloniale samelewing verloor.

In 'n koloniale samelewing is die moontlikheid van gekoloniseerdes om 'n hoër sosiale status, met die voordele daaraan verbonde, te bereik dus altyd beperk, omdat dit deurbreking van die grens tussen die twee kategorieë vereis. In baie koloniale samelewings was dit wel moontlik vir enkelinge om in die koloniste-kategorie opgeneem te word, en hierdeur is die strewe van ambisieuse lede van die gekoloniseerde kategorie geakkommodeer en frustrasie beperk; sodoende is die voortbestaan van die koloniale struktuur bevorder (vgl. Shibutani en Kwan, 1965:335; Burkey, 1978:104-106). Wanneer 'n groot aantal mense uit die gekoloniseerde kategorie in die kolonistegroep(e) opgeneem word, lei dit

egter daartoe dat die koloniale struktuur sy besondere karakter begin verloor. In gevalle waar groot rasseverskille tussen die twee kategorieë bestaan, was dit soms feitlik onmoontlik vir gekoloniseerdes om deur die koloniste as gelykes en lede van hul eie groep(e) aanvaar te word.

Veranderingsprosesse binne die koloniale struktuur

Elke koloniale stelsel bevat elemente wat veranderinge meebring en uiteindelik tot die opheffing van die koloniale struktuur self lei. 'n Eerste element is die beleid van die koloniale owerheid.

Die oogmerke van die owerheid kan soms juis daarop gemik wees om die koloniale struktuur te bestendig en alle ontwikkelinge wat die struktuur bedreig, teen te werk. Dit kan beteken dat die ekonomiese ontwikkeling gestrem word en die gebied agter raak by buurgebiede. Op hierdie wyse word die krag van die koloniale stelsel juis ondergrawe en verset opgewerk, soms nie alleen by die gekoloniseerde nie, maar ook by die koloniste. Uiteindelik word die koloniale owerheid, indien dit nie deur opstand omvergewerp word, soos in die Spaans-Amerikaanse kolonies in omstandighede van hierdie aard gebeur het, nie, gedwing tot grootskaalse en vinnige veranderinge (vgl. Van den Berghe, 1979:108). Die beleid van die koloniale maghebbers is daarom dikwels nie primêr gemik op bestendiging van die koloniale struktuur nie, maar op ontwikkeling en vooruitgang van die koloniale gebied. Baie koloniale maghebbers het hul eie kultuur as superieur bo dié van die gekoloniseerdes gesien en vooruitgang van die inwoners was vir hulle sinoniem met bevordering van hul eie kultuur, taal en godsdiens. Onderworpe volke is sedert die Oudheid dikwels aangemoedig en ook gedwing om die kultuur of soms spesifiek die godsdiens van die koloniseerders te aanvaar. Dit is ook gedoen omdat besef is dat onderdane wat dieselfde kultuur as hul regeerders het hulself met hul owerhede sal vereenselwig en meer lojale onderdane sal wees. Hellenisering en romanisering in hul ryke deur die Grieke en Romeine is in die moderne tyd nagevolg deur die Britte met onder meer hul pogings tot anglisering van die gekoloniseerde blankes aan die Kaap, en deur die Franse wat 'n aktiewe assimilasiebeleid in die meeste van hul kolonies gevolg het. So 'n beleid, indien doeltreffend en oor 'n lang tyd toegepas, moet uitloop op die opheffing van die skeiding tussen koloniste en gekoloniseerdes en dus van die koloniale stelsel self.

Die koloniste, anders as die koloniale owerheid, het dikwels nie 'n strewe om hul kultuur aan die inboorlinge oor te dra en so die grens tussen die twee groepe uit te wis nie omdat hulle dominerende posisie juis op die verskille berus. Langdurige kontak tussen twee kulture bring egter onvermydelik mee dat kultuurelemente wedersyds oorgeneem word.

Die gekoloniseerdes het, anders as die koloniste, groot belang daarby om die koloniale stelsel te verander en aan hul ondergeskikte posisie te ontkom. Waar daar 'n moontlikheid is om deur aanvaarding van die koloniste se kultuur in die heersersgroep opgeneem te word, en hulle die vermoë het om die leefwyse van die koloniste te aanvaar, word die moontlikheid dikwels deur hulle aangegryp. Veral in gevalle waar die gekoloniseerdes die koloniste nie ver in getalle oortref nie, kan die skeiding tussen koloniste en inboorlinge hierdeur verdwyn, hoewel dit meesal oor 'n tyd van eeue verloop. As daar nie 'n moontlikheid vir die gekoloniseerdes, of sommiges van hulle, is om in die geledere van die kolonistegroep opgeneem te word nie, kan dit lei tot toenemende ontevredenheid en verset, tot politieke agitasie en ook tot opstand, wat eweneens op verandering van die stelsel kan uitloop. Soms word diegene wat aanvanklik strewe na assimilasie nog nie ten volle as gelykes deur die heersersgroep aanvaar nie, of besef diegene wat reeds in groot mate die kultuur van die koloniste aanvaar het, dat daar wesenlike verskille bly bestaan wat nie oorbrug kan word nie, en neem hierdie mense dan die leiding in die versetsaksie. Dit het in die koloniale stelsels van die twintigste eeu, veral in die Franse kolonies, gebeur.

Nie alle gekoloniseerdes streef verandering van hul posisie na nie. Daar is meesal ook diegene wat tevrede is met hul lot of dit as onvermydelik aanvaar. Hulle is dikwels die grootste groep onder die gekoloniseerdes, mense wat ook in 'n nie-koloniale samelewing 'n ondergeskikte posisie sou beklee. Hierdie mense kon egter ook dikwels maklik deur versetleiers oortuig word dat beëindiging van die koloniale stelsel tot 'n verbetering van hul posisie sal lei. Wanneer hulle verder as gevolg van ekonomiese veranderinge, soos industrialisasie en verstedeliking, in al nouer aanraking met die koloniste en hul leefwyse kom, word hul meer bewus van hul mindere posisie en lei dit tot groter ontevredenheid.

Veral twee soorte veranderingsprosesse, prosesse van integrasie en van konflik en verset, kan in die meeste koloniale samelewings onderskei word, hoewel hul beslis nie altyd in gelyke mate voorkom nie.

Die proses van integrasie begin meesal met kultuurbeïnvloeding van die een groep deur die ander. Gewoonlik is dit die koloniseerders se kultuur, taal, godsdiens, leefwyse en waardes wat sterk invloed het op die gekoloniseerde bevolking, omdat dit die kultuur van die dominerende groep is en meer prestige geniet in die koloniale situasie as hul eie kultuur (vgl. Shibutani en Kwan, 1969:471; Van den Berghe, 1979:215) en dikwels ook 'n hoër ontwikkelde kultuur as dié van die gekoloniseerdes is. Tog neem die koloniste soms ook sekere aspekte van die inboorlingkultuur oor, veral omdat hul hul kultuur by die nuwe omgewing moet aanpas en die kultuur van die gekoloniseerdes reeds gerig is op die besondere omstandighede in die gebied.

Die gekoloniseerdes word gewoonlik nie almal ewe sterk deur die koloniserende kultuur beïnvloed nie. Diegene wat die nouste in aanraking is met die koloniste, veral diegene in stede, word meer beïnvloed as diegene wat in afgeleë plattelandse gebiede woon, en sulke mense behou soms nog eeue lank hul oorspronklike taal en leefwyse, terwyl die meeste gekoloniseerdes al geheel en al die koloniserende kultuur aanvaar het. In die binneland van Anatolië byvoorbeeld het groepies Frigiërs en Galasiërs hul eie taal en leefwyse nog tot aan die einde van die Romeinse tyd behou, nadat Griekse kolonisasie en kultuurbeïnvloeding al tweeduisend jaar tevore in Anatolië begin het en ook die binneland al meer as seshonderd jaar onder Griekse en Romeinse heerskappy was (De Klerk, 1975:54-58).

Verstedeliking bevorder nie net akkulturasie nie, maar ook ekonomiese en sosiale integrasie tussen koloniste en gekoloniseerdes. Op die platteland is koloniste dikwels net as amptenare en soms as grondeienaars aanwesig wat nie met alle gekoloniseerdes in noue aanraking kom nie, maar in die stede is die twee kategorieë vanself nader aan mekaar gebring, en in die handel en nywerheidswese is daar voortdurende kontak. Hoewel die koloniste ook hier meesal net leidende posisies beklee en die gekoloniseerdes dikwels hoofsaaklik ondergeskikte poste het, is

daar gewoonlik tog gereelde en noue kontak tussen bestuurder en werker nodig.

Ekonomiese integrasie lei nie altyd tot sosiale integrasie nie. Groepe wat voortdurend met mekaar in aanraking is op die markplein, kan nog elk hul eie leefwyse behou en in aparte stadswyke woon. Die verskynsel kom algemeen voor in die geskiedenis en ook vandag nog, veral in Asië. In lande soos Birma, Thailand en Maleisië is daar al geslagte lank groepe Chinese en Indiërs wat 'n belangrike rol in die stedelike ekonomie speel, maar hul eie leefwyse behou en min met ander groepe vermeng. Furnivall (1948) het veral die aandag op hierdie verskynsel gevestig. Waar ekonomiese integrasie nie net in die handel plaasvind nie, maar ook binne die bedryf en mense daar op gelyke vlak saamwerk, is die omstandighede vir sosiale integrasie gunstiger. In werksituasies waar lede van die groepe saam besig is, word die sosiale afstand kleiner, leer hulle mekaar as individue ken, en kan vriendskappe gevorm word (vgl. Shibutani en Kwan, 1965:536; Burkey, 1978:120-121).

Akkulturasie en sosiale integrasie is albei belangrike elemente in die proses van etniese integrasie. Akkulturasie kan daartoe lei dat 'n etniese groep die kultuur van 'n ander groep heeltemal oorneem en daarmee sy etniese identiteit verloor. Tog kan mense wat kultureel feitlik nie van lede van ander etniese groepe in dieselfde samelewing onderskei kan word nie, nog hul eie etniese identiteit behou, soos byvoorbeeld die geval was met die Jode deur die eeue. Die verstedelikingsproses lei meesal ook daartoe dat mense losser raak van hul tradisionele kultuur en van etniese bande sodat hul makliker in 'n nuwe etniese groep opgeneem kan word (vgl. Shibutani en Kwan, 1965:480-491; Rabinovich en Shmeleva, 1985). Die feit dat mense los raak van 'n etniese groep beteken nie altyd dat hul dan lid word van 'n ander groep nie, want om in 'n ander groep opgeneem te word, moet iemand vir daardie groep aanvaarbaar wees, deur die groep werklik as een van hulle beskou word. Dit is dikwels rasseverskille wat in die weg staan van etniese integrasie, ook waar gekoloniseerdes geheel en al die kultuur van die koloniste aanvaar het. In Suid-Afrika byvoorbeeld het 'n hoë mate van etniese integrasie tussen Afrikaners en Engelssprekende blankes plaasgevind (reeds sedert die negentiende eeu toe die Engelse die leidende groep in die Kaapkolonie en Natal was), maar baie min tussen blankes en verwesterde nie-blankes.

Ook in Noord-Amerika en Australië is baie min inboorlinge in die kolonistegroep opgeneem. In Latyns-Amerika het sake anders verloop, hoewel die proses van etniese integrasie (nog) glad nie daartoe gelei het dat die gekoloniseerde etniese groepe heeltemal verdwyn het nie. Etniese integrasie is 'n proses wat oor eeue kan strek, en ook in Latyns-Amerika dalk nog eeue kan voortduur.

Volledige akkulturasie is nie noodwendig 'n vereiste vir algehele integrasie nie. Binne elke samelewing, hoe etnies homogeen ook al, bestaan daar immers altyd 'n mate van kulturele verskeidenheid. Immigrante wat al lankal opgeneem is in 'n bepaalde etniese groep behou soms nog sekere van hul ou gewoontes, soms selfs nog hul oorspronklike taal as huistaal. Dit geld veral vir samelewings wat grotendeels deur immigrasie ontstaan het, soos in die V.S.A., Australië en (blanke) Suid-Afrika. Gekoloniseerde groepe kan soms ook as subgroepe binne die koloniserende groep aanvaar word, soos byvoorbeeld die geval was met sommige swart stamme wat in die negentiende eeu deur die Zoeloes onderwerp is. 'n Integrasieproses kan dus voltooi wees as die verskil tussen koloniste en gekoloniseerdes verdwyn het, en hul saam deel vorm van een etniese groep, sonder dat alle oorspronklike kulturele en etniese verskille noodwendig van die toneel verdwyn het; dit het onder meer in die latere Romeinse Ryk gebeur (vgl. Doyle, 1986:97 ev.).

Naas prosesse van integrasie is daar prosesse van konflik en verset. Die onderwerping van 'n gebied deur 'n koloniserende mag geskied meesal nie sonder verset van die inwoners nie, en ook nadat die koloniale gesag reeds effektief gevestig is, kan verset, vreedsaam of gewelddadig, voortduur, of na 'n korter of langer tyd opvlam. Waar die gekoloniseerdes nie 'n homogene geheel vorm nie, maar uit verskillende etniese groepe bestaan, soos dikwels al die geval was, kom verset gewoonlik net onder sommige groepe voor. Dwars deur die geskiedenis van die Romeinse Ryk het daar opstande in dele van die ryk voorgekom, maar dit was lokale opstande waarby telkens net 'n klein deel van die ryksinwoners betrokke was en wat ook nie die politieke stabiliteit van die ryk ernstig in gevaar gestel het nie.

Opstand en verset kom oral in die geskiedenis, feitlik in elke samelewing voor. Oral is en was daar individue en groepe wat teen die owerheid

gekant was en hul vir verandering van regering of in elk geval van die regeringsbeleid beywer het. Wanneer daar verset in 'n koloniale situasie voorkom, kan dit dus nie sonder meer aan die koloniale stelsel toegeskryf word nie, veral wanneer dit net tot enkele groepe in die samelewing beperk is. In 'n koloniale samelewing waar daar duidelike verskille tussen 'n onderhorige en 'n dominerende kategorie voorkom, is daar egter besondere omstandighede aanwesig wat konflik kan bevorder. Konflikte oor sake wat nie direk met die verhouding tussen gekoloniseerdes en koloniste te make het nie, kan soms maklik uitloop op 'n groot botsing waarby die koloniste die een kant en die gekoloniseerdes die ander kant kies (vgl. Shibutani en Kwan, 1965:109; Burkey, 1978:43).

In die koloniale stelsel waar die koloniseerders effektiewe gesag oor alle dele van die land uitoefen, kan konflik tot 'n minimum beperk word. Daar is egter in elke stelsel elemente wat lei tot veranderinge, wat nuwe gronde vir konflik skep en wat die koloniale maghebbers nie altyd kan beheer nie. Wanneer gekoloniseerdes byvoorbeeld deur verstedeliking en industrialisasie in meer direkte aanraking met koloniste kom en hul omstandighede met dié van die koloniste kan vergelyk, kan dit ontevredenheid met hul eie omstandighede en daarmee frustrasie en spanning verhoog (vgl. Mason, 1971:25).

Konflik kom dan ook veral voor in koloniale samelewings wat besig is om ingrypende veranderinge te ondergaan (Shibutani en Kwan, 1965:60), en juis waar die gekoloniseerdes se tradisionele leefwyse, kultuur en etniese bande ontwrig word, bevorder dit spanning. Wanneer pogings om die leefwyse van die dominerende groep(e) oor te neem en so as gelykes van die koloniste aanvaar te word, misluk, as gevolg van eie onvermoë of afwysende houding van die koloniste, lei dit tot verdere frustrasie. Dit is dikwels veral die mees opgevoede en ontwikkelde mense onder die gekoloniseerdes wat in noue aanraking met die koloniste kom. Soms is dit wel vir hulle moontlik om in die dominerende groep(e) opgeneem te word, maar wanneer dit nie kan gebeur nie, neem hulle dan die leiding in die versetbeweging.

Indien die gekoloniseerdes in hul aanraking met die koloniserende kultuur hul tradisionele kultuur as minderwaardig sien en pogings om die koloniserende kultuur oor te neem, misluk, versterk dit die behoefte aan

'n eie identiteitsgevoel. 'n Bekende voorbeeld is die swart bewussynsidee wat oral in Afrika tydens en na die koloniale periode na vore gekom het. In die plek van die ou stambande kom 'n nuwe, wyer etniese bewussyn wat dus in reaksie teen oorheersing van 'n vreemde groep ontstaan. Die nuwe bewussyn het swart gekoloniseerdes in staat gestel om met nuwe oë na hulself te kyk, en nie meer deur 'n Westerse waardebril nie, en 'n nuwe selfvertroue te verkry (vgl. Thompson, 1969:16-18; Van Aswegen, 1980:406-409, 487-489).

Die vorming van 'n groepsbewussyn onder gekoloniseerdes is dikwels die begin van 'n nasionale strewe. Oor die verskynsel van nasionalisme is talle werke geskryf en hier word met enkele opmerkings volstaan. Die meeste wetenskaplikes sien dit as 'n hoofsaaklik moderne verskynsel wat ontstaan waar tradisionele samelewings as gevolg van 'n proses van industrialisasie en verstedeliking verbrokkel (vgl. Smith, 1971:41-42; Gellner, 1983). Aspekte van nasionalisme kom tog reeds vroeg in die geskiedenis voor. Onder die Ou Testamentiese Hebreërs was daar 'n sterk besef van 'n eie identiteit wat in die tydperk van vreemde (Babiloniese, Persiese, Griekse en Romeinse) oorheersing versterk is. Die opstande van die Jode onder die Makkabeërs (tweede eeu voor Christus), en ook later, het in baie opsigte 'n nasionalistiese karakter (vgl. Degenaar, s.d. 13). In die vroeg moderne era toon die Nederlandse Opstand teen Spanje en die Puriteinse Rewolusie in Engeland ook nasionalistiese trekke. Industrialisasie en verstedeliking het wel daartoe bygedra dat 'n volksbewussyn en volkstrewe in groter mate tot die gewone massa deurgedring het as wat waarskynlik die geval in sestiende-eeuse Nederland en sewentiende-eeuse Engeland was. Onder invloed van die moderne Westerse filosofieë het nasionalistiese leiers ook 'n meer teoretiese inhoud aan hul strewes gegee en het dit 'n al meer ideologiese karakter verkry (vgl. Degenaar, s.j. 17: Kohn, 1961).

Wanneer 'n algemene groeps- of nasionale bewussyn onder 'n gekoloniseerde bevolking posgevat het, lei dit tot die vorming van organisasies wat hulle beywer vir die verwesenliking van die groepstrewe, wat onvermydelik verset teen die koloniale owerheid inhou. Waar die koloniale owerheid die vorming van politieke organisasies onder die gekoloniseerdes verbied, word die nasionale strewe soms in godsdienstige beweginge gekanaliseer. Die separatistekerke wat in Afrika gedurende

die koloniale tyd ontstaan het, verteenwoordig ook 'n verset teen die Westers gedomineerde Christelike kerke wat met die koloniale gesag geïdentifiseer is (vgl. Van Aswegen, 1980:373). Ook vakunies word soms middele om aan politieke strewes uiting te gee. Geheime organisasies, wat soms dade van sabotasie en terreur pleeg, het ook dikwels in koloniale samelewings voorgekom.

Die vorming van politieke organisasies wat hul beywer vir deelname aan die regering of 'n verandering van die regeringstelsel, is 'n vreedsame vorm van verset wat feitlik oral voorgekom het waar dit wel moontlik was om openlik sulke liggame te organiseer.

In feitlik alle koloniale samelewings kan tekens van albei prosesse, integrasie en konflik gevind word. Die besondere omstandighede in elke geval bepaal watter proses uiteindelik domineer. Soms domineer die proses van integrasie oorspronklik, maar is daar later 'n reaksie onder die gekoloniseerdes, en kom 'n nasionale strewe en verset dan na vore, soos die geval was met die (deur die Britte gekoloniseerde) Afrikaners in die Kaapkolonie gedurende die negentiende eeu. Ook in gebiede soos Wallis, Skotland en Bretagne was integrasieprosesse al eeue lank aan die gang en baie van die inwoners al grotendeels verbrits of (in die geval van Bretagne) verfrans voordat versetsbewegings ontstaan het.

### Opheffing of verdwyning van die koloniale struktuur

Veranderingsprosesse kan uiteindelik daartoe lei dat 'n koloniale toestand ten einde kom, maar dit hoef nie noodwendig te gebeur nie. Die prosesse kan eeue lank duur sonder dat die koloniale struktuur opgehef word. Gibraltar is byvoorbeeld al 275 jaar lank onder Britse gesag en het nog 'n bevolking wat grotendeels Spaanssprekend is. Omdat Gibraltar 'n enklave in 'n Spaanstalige gebied is en die inwoners verwantskapsbande met mense oor die grens het, bly die Spaanse karakter van die gekoloniseerde bevolking grootliks behoue. Aangesien die Britse oppergesagvoerders en soldate weer hul bande met Groot-Brittanje behou en hul ook dikwels met nuwe aankomelinge uit Brittanje vervang word, is daar ook geen moontlikheid dat die owerheid heeltemal sal verspaans nie. Daar is dus min sprake van integrasie, maar ook min konflik en verset, omdat die gekoloniseerde bevolking die ekonomiese voordele van

hul posisie besef en deur hul voortdurende kontak met Spanje van hierdie voordele bewus bly. As die koloniale situasie in Gibraltar beëindig word, sal dit waarskynlik hoofsaaklik weens druk van buite, veral deur Spanje, wees.

'n Integrasieproses kan verder daartoe lei dat vir die grootste deel van die inwoners die koloniale toestand verdwyn, maar dat dit vir klein groepe binne die gebied bly voortbestaan. Daarom kan byvoorbeeld nie gesê word dat die koloniale situasie in enige van die lande in Noord- en Suid-Amerika heeltemal beëindig is nie, hoewel net klein minderhede (dié Indiane wat nog grotendeels hul eie identiteit behou het) hulself eintlik nog in die situasie van gekoloniseerdes bevind.

Wanneer dit blyk dat politieke agitasie en onderhandelings nie tot verwesenliking van hul strewe lei nie, neem die versetleiers gewoonlik hul toevlug tot ander middele soos politieke demonstrasies en burgerlike ongehoorsaamheid. Direkte opstand as vorm van verset teen vreemde oorheersing kom baie in die geskiedenis voor; bekende voorbeelde is die Nederlandse Opstand teen Spanje in die sewentiende eeu, die Amerikaanse Opstand in die agtiende eeu en die opstand van die Transvaalse Boere teen die Britse owerheid in 1881, wat almal plaasgevind het nadat pogings om langs vreedsame weg oorheersing te beëindig, misluk het.

In so 'n opstand ontvang die opstandelinge soms hulp (finansieel of ook militêr) van regerings wat hul saak steun of die koloniale owerheid vyandig gesind is. In die geval van die Nederlandse en Amerikaanse Opstande het dit 'n belangrike rol gespeel in die oorwinning van die opstandelinge. In die jongste tyd is die opleiding en toerusting van guerillavegters deur vreemde moondhede om koloniale regerings te beveg 'n bekende verskynsel.

Versetbewegings onder gekoloniseerdes is gewoonlik nie alleen daarop uit om politieke mag te verkry nie. Hoewel die leiers dit dikwels as hoofdoel sien om self maghebbers te word, gaan dit vir die volgelinge meesal veral om 'n verbetering van hul eie posisie en dus om ekonomiese en sosiale voordele. Hulle sien omverwerping van die koloniale orde as die enigste wyse om sosiaal-ekonomiese emansipasie moontlik te maak. Versetsbewegings onder minderheidsgroepe in die huidige Westerse wêreld

soos die Baske en Franse Kanadese streef ook nie noodwendig na onafhanklikheid nie, maar eerder na outonomie en verbetering van hul sosio-ekonomiese posisie (vgl. Smith, 1981).

Konflik en verset was waarskynlik in geen koloniale samelewing ooit heeltemal afwesig nie, maar het nie altyd 'n groot rol gespeel nie. Die beëindiging van die koloniale stelsel is dikwels ook nie deur verset van die gekoloniseerdes teweeggebring of bevorder nie, maar deur ander faktore soos integrasie van groepe of die koms van nuwe koloniseerders. In die koloniale ryke van die Antieke Tyd was konflik en verset feitlik deurgaans net 'n lokale verskynsel en het dit nêrens, sover bekend, tot die induiestorting van die ryke gelei nie. Dit is slegs in die moderne koloniale ryke dat dit 'n belangrike rol gespeel het.

Gevalle van lande waar koloniale omstandighede geheers het toe die gebiede deur nuwe koloniseerders verower is, is talryk en die meeste koloniale situasies is waarskynlik op hierdie wyse beëindig, of eintlik net verander. Waar 'n integrasieproses daar al ver gevorder was, het 'n nuwe heersersgroep nou die mag oorgeneem en het 'n nuwe integrasieproses van vooraf begin. In die dekolonisasie van Asië en Afrika is verset deur die gekoloniseerdes ook deur faktore van buite gesteun, en 'n verskeidenheid oorsake kan genoem word vir die beëindiging van die groot Westerse koloniale ryke in die twee dekades ná die Tweede Wêreldoorlog.

Wanneer hoofsaaklik op die interne faktore gelet word wat lei tot die beëindiging van 'n koloniale toestand, is daar dus basies twee moontlikhede: (i) integrasie van die koloniserende en gekoloniseerde kategorieë sodat die onderskeid tussen hulle verdwyn en (ii) beëindiging van die dominerende groep(e) se oorheersende posisie deur óf omverwerping daarvan deur die gekoloniseerdes (wat ook vreedsaam, byvoorbeeld deur 'n verkiesing, kan geskied) óf vrywillige afstand daarvan deur die koloniste.

Slegs waar die koloniserende groep sy heersersposisie verloor deur omverwerping of vrywillige afstand daarvan kan die term dekolonisasie gebruik word. Die term, wat eers in ons tyd algemeen begin gebruik is (Chamberlain, 1985:1), veral vir die beëindiging van die Westerse

koloniale ryke, kan ook op vroeëre gevalle betrek word, soos die terugtrekking van die Romeine uit Groot-Brittanje in die vyfde eeu na etlike eeue van koloniale beheer of die omverwerping van die Spaanse gesag oor die Nederlande in die sestiende eeu. Dekolonisasie kom egter nie baie algemeen in die vroeëre geskiedenis voor nie, en die moderne Westerse dekolonisasieproses is 'n besondere verskynsel in die wêreldgeskiedenis.

Dekolonisasie hoef nie noodwendig te beteken dat 'n gekoloniseerde groep of groepe die mag oorneem by die koloniste en dat laasgenoemdes nou in 'n ondergeskikte posisie beland nie. Dekolonisasie kan ook die totstandkoming van 'n nuwe stelsel behels waarin die mag so versprei word dat lede van albei kategorieë daaraan deel het. Daar kan egter moeilik voorbeelde gevind word waar so 'n struktuur suksesvol geïmplementeer is.

Suid-Afrika, ná 1906 en veral ná 1910, is 'n voorbeeld van vrywillige terugtrekking van die Britse ryksgesag oor Transvaal en die O.V.S. en die totstandkoming van 'n stelsel waar die vroeër gekoloniseerde Afrikaners en die koloniste (Engelssprekendes) die mag gedeel het, maar ná 1948 het dit definitief uitgeloop op 'n magsoorname deur die Afrikaners. In die jongste tyd het die verskille tussen die twee blanke groepe egter baie verswak en kan hulle saam as koloniste teenoor 'n gekoloniseerde nie-balnke bevolking gesien. Net 'n deel van die gekoloniseerde bevolking, dit wil sê die Afrikaners (wat oorspronklik self koloniste was en tydens Britse oorheersing nog in baie opsigte in 'n bevoorregte posisie teenoor die res van die bevolking was), het dus die mag oorgeneem. Uit die Suid-Afrikaanse voorbeeld blyk duidelik dat dit by kolonisasie en dekolonisasie om veel meer as net verandering van politieke mag gaan. Die ekonomiese stelsel en sosiale orde verander nie noodwendig onmiddellik as daar 'n politieke verandering is nie en 'n heersersgroep wat sy politieke mag verloor, kan na dekolonisasie nog in baie opsigte in 'n bevoorregte en 'n magsposisie bly, soos met die Engelstalige blankes in Suid-Afrika na 1948 die geval was. Hieruit blyk ook dat dekolonisasie 'n proses is wat oor 'n hele tydperk strek en nie met politieke magsoorname dadelik voltooi is nie.

Met dekolonisasie is daar altyd 'n verwisseling van maghebbers en 'n duidelike breuk met die koloniale stelsel, maar wanneer die koloniale struktuur deur 'n proses van integrasie opgehef word, verdwyn die struktuur meer geleidelik en is daar meesal 'n lang oorgangstydperk waartydens die samelewingstruktuur nog sekere aspekte van 'n koloniale struktuur behou.

Volledige integrasie tussen gekoloniseerdes en koloniste is nie 'n voorwaarde vir die beëindiging van 'n koloniale situasie nie. Die proses van integrasie moet egter so ver gevorder wees dat daar nie meer 'n duidelike skeiding tussen twee kategorieë voorkom waarby die een kategorie in 'n dominerende en die ander een in 'n ondergeskikte posisie is nie. Doyle (1986:97) meen dat die Romeinse Ryk in die tyd van keiser Caracalla, in die derde eeu, 'n besondere drumpel oorskry het deurdat alle inwoners gelyke politieke en ander regte geniet het en hulle dus almal in 'n gemeenskaplike politieke eenheid verenig is. Almal het hulself deel gevoel van 'n gemeenskaplike ekonomie en beskawing, het hulself as Romeine beskou en het die regering nie meer as vreemde regering gesien nie. Hiermee het die Romeinse Ryk dus opgehou om 'n koloniale ryk te wees en was die proses van integrasie sover voltooi dat die oorspronklike verskille tussen koloniste en gekoloniseerdes verdwyn het. In hierdie periode was daar nog klein groepe oor wat hul oorspronklike kultuur en etniese identiteit behou het, soos die genoemde groepe in Anatolië. Die koloniale situasie in die Romeinse Ryk het dus nie heeltemal verdwyn nie, maar het wel vir die grootste deel van die inwoners opgehou om te bestaan.

Aangesien integrasieprosesse meesal daartoe lei dat die gekoloniseerdes in die dominerende groep(e) opgeneem word, is dit laasgenoemde groep(e) en sy(hul) besondere kultuur wat meesal bly voortbestaan, terwyl die koloniseerdes se godsdienste en gewoontes dikwels uiteindelik verdwyn. Dit is egter nie altyd die geval nie. Die koloniste neem soms ook heelwat van die gekoloniseerde kultuur oor, en 'n nuwe kultuursintese kan tot stand kom waarin soveel elemente van die gekoloniseerde en koloniserende kulture opgeneem is dat die nuwe kultuur nie sonder meer as 'n voortsetting van een van die twee gesien word nie. In Engeland byvoorbeeld het die koloniale stelsel wat met die Normadiese verowering van 1066 tot stand gekom het, geleidelik verdwyn deur 'n proses van integrasie, en

die Engelse kultuur wat in die loop van die Middeleeue ontwikkel het, het elemente van sowel die ou Angelsaksiese as die Frans-Normandiese kultuur bevat. Daar is ook gevalle waar die koloniste se besondere kultuur in die proses van integrasie verdwyn het en hulle eintlik heeltemal in die kultuur en etniese eenhede van die gekoloniseerdes opgeneem is. So 'n geval was dié van die Griekse koloniste in Indië gedurende die eerste eeue voor Christus (kyk De Klerk, 1975:59-65).

Indien 'n koloniale situasie langs die weg van integrasie beëindig word op so 'n manier dat die latere regeerders en ook die elitegroep hulself as die opvolgers van die aanvanklike koloniseerders bly sien, kan van blywende kolonisasie gepraat word (let wel nie blywende kolonialisme nie). Alle gevalle van verdwyning van kolonialisme deur 'n integrasieproses is nie noodwendig gevalle van blywende kolonisasie nie. Die latere regeerders in dié dele van Indië waar kolonisasie deur Grieke plaasgevind het, het hulself nie meer met die Grieke en die Griekse kultuur geïdentifiseer nie. Selfs waar die kultuur van die koloniste grotendeels oorgeneem is, sien die latere heersers hulself nie altyd as opvolgers van die koloniste nie. Die huidige regeerders in Mexiko, en die grootste deel van die bevolking, identifiseer hulself byvoorbeeld eerder met die Indianeryke as met die Spaanse koloniste van die sestiende eeu, en dit terwyl hulle vandag 'n basies Westerse kultuur het.

Dit is dus moeilik om in die geval van Mexiko van blywende kolonisasie te praat (kyk De Klerk, 1975:132-140). Aan die ander kant sou 'n mens kon sê dat die Britse koningin en eintlik die hele regering hulself vandag nog as opvolgers van die Normandiese veroweraars beskou, en die Engelse sien soms selfs 1066 nog as die eintlike begin van hul geskiedenis, en dit terwyl hulle hoofsaaklik afstam van die ou gekoloniseerde Angelsaksers en die Franse taal van die Normandiërs uiteindelik deur die taal van die Angelsaksers verdring is.

Ook in gevalle waar daar min sprake was van integrasie, maar die gekoloniseerde bevolking 'n klein minderheidsgroep geword het, soos in die V.S.A., Kanada en Australië, kan van blywende kolonisasie gepraat word. Hoewel die koloniale situasie daar nie heeltemal beëindig is nie, bestaan dit net vir 'n klein deel van die bevolking voort, en is daar geen

moontlikheid dat hulle die mag van die koloniste (of eintlik hul afstammelinge) ooit kan omverwerp nie.

**Die afloop van die koloniale proses**

Wanneer 'n koloniale toestand deur 'n proses van integrasie beëindig word, is dit moeilik om 'n afloop in die koloniale proses as nog 'n verdere fase te onderskei. Die koloniale toestand gaan geleidelik in 'n na-koloniale toestand oor, waarin sekere elemente uit die koloniale struktuur behoue bly, en soms nog etlike eeue lank aanwesig is.

Wanneer, daarenteen, 'n dekolonisasie plaasvind, kan veral die periode direk na die verwisseling van politieke mag gesien word as 'n periode van afloop van die koloniale proses. Die afloop behels die verdere wysiging van die koloniale struktuur onder leiding van die nuwe regeerders, en soms die verwydering van soveel moontlik wat nog aan die koloniale periode herinner. Standbeelde van koloniale figure word soms afgebreek, en name van stede en strate met 'n koloniale konnotasie word verander. Soms word gepoog om alle elemente van die koloniale kultuur uit te roei en die vroeëre koloniste wat nog in die land is of ook ander wat hulle kultuur oorgeneem het, word gedwing om hul leefwyse te verander. Dit het byvoorbeeld in Spanje gebeur na die beëindiging van Moslemheerskappy. In hierdie geval was daar aanvanklik, toe net dele van Spanje deur die Christene herower is, verdraagsaamheid teenoor die Islamitiese godsdiens en kultuur, maar na 1493 is Moslems met geweld gedwing om Christene te word en is selfs die Morisco's, wat Christene was, maar nog baie aspekte van 'n Islamitiese leefwyse behou het, vervolg en grotendeels uit die land verdryf.

In baie gevalle, soos in die tot onlangs gedekoloniseerde lande van Asië en Afrika, was die koloniseerders se kultuurinvloed egter reeds so groot dat dit nie meer ongedaan gemaak kon word nie.

Die jare ná dekolonisasie kan vir die gewese koloniste en hul afstammelinge wat in die land agterbly, 'n moeilike tyd wees waartydens die vroeëre gekoloniseerdes ou griewe teenoor hul voormalige oorheersers wil wreek, en dit kan daartoe lei dat die voormalige koloniste sover moontlik hul aparte identiteit en kultuur prysgee en hulself met die nuwe

heersersgroep probeer identifiseer. Daar is min gevalle waar groot groepe vroeëre koloniste na dekolonisasie in 'n land agtergebly het. Waar hulle klein elitegroepies was, het hulle meesal redelik vinnig van die toneel verdwyn, deur emigrasie en/of assimilasie. Die Oos-Gote en Vandale, wat dele van die Romeinse Ryk verower het, wat later teruggverower is, het uit die geskiedenis verdwyn. Ook in lande waar daar redelike groot groepe koloniste was, soos onlangs in Algerië, Mosambiek, Angola en Rhodesië (Zimbabwe), het die grootste deel van die koloniste die lande verlaat.

Die posisie van sogenaamde tussengroepe (of tussenkategorieë) is na dekolonisasie soms ook nie baie rooskleurig nie, en groepe van gemengde bloed is in lande soos Indië en Indonesië na dekolonisasie as oorblyfsel van die vroeëre koloniale tyd beskou. In Uganda is die meeste Indiërs in die jare na onafhanklikwording uit die land verdryf.

Die resente geskiedenis van Asië en Afrika toon dat radikale optrede van die nuwe regeerders in die gedekoloniseerde lande waartydens ekonomiese bande met die ou moederland deurgesny word en vroeëre koloniste die land moet verlaat, in verskillende gevalle gevolg is deur 'n reaksie waarby betrekkinge met die vroeëre koloniserende land weer verbeter is en vroeëre koloniste weer teruggekeer het. In sommige lande is noue ekonomiese bande met die voormalige moederland van die begin af behou en het die lande selfs lid gebly van oorkoepelende organisasies wat uit die ou koloniale ryke ontstaan het, soos die Britse Statebond en die Franse Gemeenskap. Politieke onafhanklikheid het vir die meeste van hierdie lande nie ekonomiese onafhanklikheid beteken nie, en die koloniale situasie is eintlik nog nie volkome beëindig nie.

**Gevolge van koloniale prosesse**

Koloniale prosesse kom algemeen in die wêreldgeskiedenis voor en het vanaf die vroegste tye die gang van die geskiedenis ingrypend beïnvloed. Die gevolge van elke koloniale proses word deur die besondere aard daarvan en die kader waarbinne dit plaasvind, bepaal en net enkele algemene konsekwensies van koloniale prosesse kan kortliks uitgelig word.

'n Koloniale proses bring oor die algemeen mee dat etniese groepe nie net langs mekaar, in aparte gebiede nie, maar ook deurmekaar, in dieselfde gebied woon, sodat plurale, etnies gestratifiseerde, samelewings ontstaan, en sommige groepe in 'n dominerende en ander in 'n ondergeskikte posisie beland. Kolonisasie lei verder feitlik altyd tot konflik en botsing tussen groepe. Kolonisasie gaan meesal gepaard met geweld en dan lei die koloniale situasie tot verdere wrywing en konflik. Talle oorloë en opstande in die geskiedenis is dus deels die gevolg van kolonisasies.

Hoewel koloniale prosesse aan die een kant konflik tussen groepe aanwakker, lei dit aan die ander kant feitlik steeds ook tot integrasie van groepe en die totstandkoming van groter etniese eenhede. Die integrasieproses lei tot vergroting van die koloniserende groep en/of soms tot die totstandkoming van 'n nuwe groter groep, terwyl ook in die verset wat vreemde oorheersing by die gekoloniseerdes wek 'n nuwe, oorkoepelende groepsbewussyn onder hulle kan ontstaan. Die koloniale proses kan sodoende gesien word as 'n kernfaktor in die etniese stammeontwikkeling van die wêreldbevolking waarby kleiner groepe, soos stamme, verdwyn het ten koste van groter etniese eenhede.

As verder gelet word op die vernaamste koloniale prosesse wat in die loop van die wêreldgeskiedenis plaasgevind het, is 'n belangrike gevolg dat bepaalde kulture, tale en godsdienste oor die wêreld versprei en ander verdring is. Die Indo-Europese tale, wat vroeër net deur 'n klein groep nomade gepraat is, word vandag, veral as gevolg van koloniale prosesse, oor feitlik die hele Europa en Amerika asook 'n groot deel van Asië algemeen gepraat. Die Islam het veral deur 'n koloniale proses algemeen ingang gevind in Noord-Afrika en Wes-Asië, en ook die verspreiding van die Christendom is deur sulke prosesse bevorder, veral in Amerika en Afrika (en die aanvanklike verspreiding in die Romeinse Ryk is deur die Romeine se kolonisasie van dié groot gebied moontlik gemaak). Ook die verspreiding van die Westerse beskawing oor die wêreld is deur Westerse kolonisasie van al die vastelande sedert die vyftiende eeu moontlik gemaak. Die uitbreiding van bepaalde rasse, soos die blanke ras, ten koste van ander, soos die Indianerras, is verder deur kolonisasie bevorder.

Koloniale prosesse het 'n belangrike rol daarin gespeel dat die mensheid meer eweredig oor die aarde versprei het as wat aanvanklik die geval was, terwyl ook die totale wêreldbevolking toegeneem het deurdat in nuwe verowerde gebiede meer mense gaan woon het en daar vermenigvuldig het (vgl. Dovring, 1961; Lüthy, 1961).

Dit het weinig sin om die gevolge van koloniale prosesse in die wêreldgeskiedenis as hoofsaaklik positief of hoofsaaklik negatief te probeer waardeer. Die negatiewe lig waarin die hele begrip kolonialisme tans so dikwels beskou word, is veral deel van die reaksie teen die grootskaalse Westerse kolonialisme in Afrika en Asië wat eers onlangs beëindig is. Dit gaan hier eintlik net om reaksie teen 'n bepaalde vorm van kolonialisme. Baie vorme van kolonialisme kom vandag nog algemeen voor, al word dit nie altyd as sodanig herken nie (vgl. De Klerk, 1988).

Ook wat Suid-Afrika betref, het koloniale prosesse die ontwikkeling van hierdie land op allerlei wyses beïnvloed. Vanaf die volksverhuisings van die vroegste groepe, waaroor maar baie min bekend is, tot in die twintigste eeu, kan verskeie koloniale prosesse met algemene fases, soos hierbo bespreek, onderskei word. (Hieroor word in 'n verdere artikel gehandel.) Die politieke, ekonomiese en sosiale stelsel van Suid-Afrika vandag is grotendeels nog 'n koloniale struktuur, waarbinne veranderingsprosesse aan die gang is, wat uiteindelik moet lei tot die opheffing of verdwyning van hierdie struktuur. 'n Beskouing van kolonialisme as historiese proses en 'n vergelyking van prosesse in Suid-Afrika met dié in ander lande en in ander historiese periodes mag help om groter duidelikheid oor waarskynlike toekomstige ontwikkelinge in Suid-Afrika te verkry.

BIBLIOGRAFIE

BALANDIER, G. 1966. The colonial situation. (In Wallerstein, I., red. Social change; the colonial situation. New York : Wiley. p. 34-66.)

BAUMGART, W. 1982. Imperialism: the idea and reality of British and French colonial expansion, 1880-1914. Londen : Oxford.

BURKEY, R.M. 1978. Ethnic and racial groups; the dynamics of dominance. Menlo Park (Calif.): Cummings.

CHAMBERLAIN, M.E. 1985. Decolonization; the fall of the European empires. Londen : Blackwell.

DEGENAAR, J.J. s.j. The roots of nationalism. Pretoria : Academica.

DE KLERK, P. 1973. Geskiedenisvergelyking; die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is op generalisasie in die geskiedkunde. Potchefstroom : Pro Rege.

DE KLERK, P. 1975. Blywende kolonisasie. 'n Vergelyking van 'n aantal kolonisasies in die geskiedenis. Potchefstroom : PU vir CHO.

DE KLERK, P. 1981. Geskiedenis as kultuurontwikkeling; aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis. Durban : Butterworth.

DE KLERK, P. 1988. Vormverandering van kolonialsme in die geskiedenis. Koers, 53(1):121-146.

DOVRING, F. 1961. The opportunity to multiply; demographic aspects of modern colonialism. Journal of economic history, 21(4):599-612.

DOYLE, M.W. 1986. Empires. Ithaca : Cornell.

ETHERINGTON, N. 1984. Theories of imperialism; war, conquest and capital. Londen : Croom Helm.

FABER, K.G. & MEIER, G., reds. 1978. Historische Prozesse. München, DTV. (Beiträge zur Historik, vol. 2).

FIELDHOUSE, D.K. 1981. Colonialism; 1870 - 1945. Londen : Weidenfeld & Nicolson.

FRAZIER, E.F. 1957. Race and culture contacts in the modern world. New York : Knopf.

FURNIVALL, J.S. 1948. Colonial policy and practice. Cambridge : Cambridge University Press.

GARNSEY, P.D. & WHITTAKER, C.R. 1978. Introduction. (In Garnsey, P.D. en Whittaker, C.R., reds. Imperialism in the ancient world. Cambridge : Combridge University Press. p. 1-6).

GELLNER, E. 1983. Nations and nationalism. Oxford : Blackwell.

HARTZ, L. 1964. The founding of new societies. New York : Harcourt & Brace.

HIND, R.J. 1984. The internal colonial concept. Comparative studies in society and history, 26(3):543-568.

HODGART, A. 1977. The economics of European imperialism. Londen : Arnold.

HOETINK, H. 1961. De gespleten samenleving in het Caribisch gebied; bijdrage tot de sociologie der ras-relaties. Assen : Van Gorcum.

KELLER, A.G. 1908. Colonization; a study on the founding of new societies. Boston : Ginn.

KOHN, H. 1961. The idea of nationalism; a study in its origins and background. New York : McMillan.

LÜTHY, H. 1961. Colonization and the making of mankind; the tasks of economic history. Journal of economic history, 21(4):483-495.

MASON, P. 1971. Patterns of dominance. Londen : Oxford University Press.

MAUNIER, R. 1949. The sociology of colonies. Londen : Routledge & Kegan Paul.

MOMMSEN, W. 1981. Theories of imperialism. Londen : Weidenfeld & Nicolson.

MORRIS, H.C. 1908. The history of colonization; from the earliest times to the present day. Vol. 1. New York : McMillan.

RABINOVICH, M.G. & SHMELEVA, M.N. 1985. The city and ethnic processes. Soviet review, 26(1):3-27.

SHIBUTANI, T. & KWAN, K.M. 1965. Ethnic stratification; a comparative approach. New York : Macmillan.

SMITH, A.D. 1971. Theories of nationalism. Londen : Duckworth.

SMITH, A.D. 1981. The ethnic revival. Cambridge : Cambridge University Press.

THOMPSON, V.B. 1969. Africa and unity; the evolution of Pan-Africanism. Londen : Longman.

VAN ASWEGEN, H.J. 1980. Geskiedenis van Afrika. Pretoria : Academica.

VAN DEN BERGHE, P.L. 1981. The ethnic phenomenon. New York : Oxford.